

PRO VERITATE

IN DIESE UITGAWE/IN THIS ISSUE

★ KERKVERNUWING	1
★ OUT OF DARKNESS	1
★ DIE EKUMENIESE BEWEGING	2
★ REDAKSIONEEL/EDITORIAL	3
★ OORDENKING	3
★ ANGLICANS AND REUNION	4
★ CHRISTIAN AND STATE	5
★ RAS EN REALITEIT	6
★ SIENSWYSE VAN LESERS	7
★ MULTIRACIAL CONGREGATIONS	7
★ IS ONS ACTER ONS TYD?	8

CHRISTELIKE MAANDBLAD VIR SUIDELIKE AFRIKA

Jaargang I Nr. 12

Intekengeld R2 Subscription

By die Hoofposkantoor as nuusblad geregistreer.

CHRISTIAN MONTHLY FOR SOUTHERN AFRICA

April 15 April

Volume I, No. 12

Registered at the Post Office as a Newspaper

MINDOLO EKUMENIESE INSTITUUT

Dr. T. Oglethorpe

KERKVERNUWING DEUR ONTMOETING EN BESINNING

„Ecclesia reformata semper reformanda est” — die kerk van die hervorming het steeds behoefte aan vernuwing. Teoreties onderskryf ons almal hierdie beginsel. Maar wanneer dit by die praktyk kom, weet ons daar geen raad mee nie. Wat word bedoel met „die vernuwing van die kerk”? Hier en daar 'n strukturele verandering om by die eise van die moderne lewe aan te pas? 'n Opknapping van die bestaande administrasie om dit vlotter te laat funksioneer?

Of bedoel ons iets radikaler daarmee? Beteken die verlanse na 'n vernuwing van die kerk 'n erkenning dat wat goed genoeg vir ons vaders was, nie meer vir ons goed genoeg is nie? Impliseer dit dat die tyd waarin ons leef, so anders geword het, dat 'n kerk, wat nog as die teken van die genadige begeleiding van God in die tyd bekend wil staan, 'n kerk wat nog gehoor wil word, wanneer dit die heerskappy van die lewende Christus oor alle lewens-terreine uitroep, 'n totale ommekeer in sy benadering van sake moet ondergaan?

Oprigting van vormingsentra

Hierdie vrese rondom die vernuwing van die kerk het veral pynlik geword in die na-oorlogse Europa. Dit het tot die spontane oprigting van verskeie „Leke-akademies” en „Vormingsentra” in verskillende lande gelei. Die antwoord, tansend en tentatief, wat hierdie inrigtings op die vraag na die inhoud van die vernuwing van die kerk gegee het, is dat die kerk sy „leke-karakter” moet herontdek. Hiermee word iets veel meer as net die „aktivering van die leek” bedoel. Dit is iets anders as 'n veldtog om kerklidmate aan te moedig om die oorwerkte predikant in die menigvuldige gemeentelike werksaamhede by te staan. Die voor-eronderstelling van hierdie herontdekking van die leke-karakter van die kerk is nie dat die kerk 'n „leke-element” in onderskeiding van die klerikale element besit nie, maar veel eerder dat die kerk in sy geheel „leek” van aard is. Die kerk is die laos theou, die volk van God. Geen deel van die kerk is meer sentraal, of kwalitatief anders,

as enige ander deel nie. Die kerk is die een, ondeelbare volk van God.

Wat is die implikasies van hierdie, 'n mens kan byna sê, vanselfsprekende waarheid? Dit, naamlik, dat die kerk waarlik die kerk is, nie daar waar die ampte die toon aangee nie, maar waar die lidmate vergader. Dit kan wees dat hulle op gesette tye in 'n kerkgebou met die oog op die gemeenskaplike aanbidding vergader. Dan vorm hulle daar die kerk, en word hulle direk deur die ampte bedien. Hulle vergader egter meer gereeld elders en onder totaal ander omstandighede. Die kerk is oral daar waar twee of drie wat in die naam van Christus glo, saam in 'n huis woon, aan 'n universiteit studeer, in 'n fabriek werk, 'n nywerheidsonderneming bestuur, 'n dorp se sake reël, aan die regering van 'n land deelneem, ens.

Die feit dat ongelowiges met ewe-veel toewyding en vernuf aan dieselfde onderneming as gelowiges deelneem, maak geen verskil aan die werklike teenwoordigheid van die kerk in al sy volheid daar nie. Trouens die kerk begin eers werklik te funksioneer, waar dit

deur middel van sy lidmate so digby die wêreld kom, dat kerk en wêreld alleen in die geloof van mekaar onderskei kan word.

Dit is natuurlik hoogs gevaarlik en riskant vir die kerk om hom so met die sake van die wêreld te bemoei, dat daar geen objektief aanwysbare verskil meer aan te merk is nie. Die waarheid is egter dat 'n kerk wat dit nie wil waag om sy solidariteit met die tot-ondergang-gedoemde wêreld te bewys nie, sy bestaanreg binne in die wêreld verloor. Die kerk is deur Christus in die wêreld geplaas ter wille van die wêreld. 'n Kerk wat hom so van die wêreld afskei dat dit die wêreld nie meer met die Woord van versoening kan bedien nie, het nutteloos geword, hoe sierlik die torings van sy imposante geboue ook omhoog mag styg.

Kerk en wêreld in twee-gesprek

Die Leke-akademies en Vormingsentra verteenwoordig 'n poging om die leke-karakter van die kerk te herstel. Die wyse waarop hulle te werk gaan, is om die kerk tot nouer omgang met die wêreld te dwing. Die kerk doen daar onafgebroke „wêreldse” dinge. Kerk en wêreld is daar in 'n lewende dialoog, 'n werklike twee-gesprek, gewikkel. Die „Mindolo Ecumenical Centre” naby Kitwe in Noord-Rhodesië is so 'n inrigting, die eerste van sy soort in Afrika. Hierdie sentrum vertoon al die kenmerke van die egte Vormings-sentrum, met besondere toespitsing op die wêreld soos dit hier en daar uitsien. Dit is „ekumenies”, d.w.s. dit is 'n stigting van die kerke in Noord-Rhodesië. (Ook die N.G. Kerke is op grond van

hulle lidmaatskap van die Christenrade van Sentraal-Afrika by die inrigting betrokke.) Dit staan dus in direkte verband met die kerklike lewe. Terselfder-tyd besit die inrigting 'n groot mate van onafhanklikheid. Dit het 'n eie konstitusie, met 'n Raad van Beheer wat die beleid neêr en die vryheid om te eksperimenteer waarborg.

Die benaming ekumenies sluit voorts in dat die inrigting die totale „wêreld” in al sy aspekte van wetenskap, politiek, ekonomie en sosiale lewe by die ontmoeting met die Woord van die lewe wil betrek. Dit beteken dat prinsipiële geen aangelentheid te gering of te vreemd is om op die agenda van die inrigting te kom nie. Ook word geen persoon, binne of buite die kerk, uitgesluit by die uitnodiging om aan die program van die inrigting deel te neem nie. Anders sou daar geen sprake van 'n werklike dialoog kon wees nie. Dit vereis natuurlik 'n groot mate van rekbareheid en differensialie. Die gevaar is ongetwyfeld groot.

Wat ons doen, kan maklik in 'n rigtinglose gedryf ontaard. Daarom vereis ons posisie aan die front tussen kerk en wêreld die uiterste waaksaamheid. Gedurig moet ons ons doel helder voor oë hou, nl. die vernuwing van die kerk om geskik te wees vir sy diens aan die wêreld. Die balans van gereëde aanbidding, toegewyde studie en doelbewuste vormingswerk moet ons die rigting aandui. Alleen dan kan ons soek na die gebiede van die grootste nood rondom ons, en onself af vra waar die kerk onder die gegewe omstandighede die beste diens kan lewer. Die getulenti-gehalte van alles wat ons geroepe voel om te doen, word voortdurend beproef.

• Vervolg op bladsy 2

OUT OF DARKNESS -- Light!

Derek Thomson was murdered. He, and four companions, were killed in a brutal attack near Bashee Bridge in the Transkei some weeks ago.

(The following article is compiled from material supplied by the Rev. W. M. J. Lund, minister of the Presbyterian Church, Adelaide, and Moderator-Designate of the General Assembly of the Presbyterian Church of Southern Africa.)

But you will need to know who Derek was. His father is one of the elders of the Adelaide Presbyterian Church. Father and mother run a small trading store about nine miles away, and their Christian grace has endeared them to their African customers. Derek attended school in Adelaide and lived in our home becoming, indeed, another son to us.

Derek was a friendly, lovable, rather shy boy of nineteen, fond of sport, and eagerly looking forward to the time when he could go farming. When he was asked by a contractor to assist him in a road-making sub-contract in the Transkei, Derek, although

farming was his first love, felt that this experience would stand him in good stead, and accepted the job of supervising a small fleet of lorries used to cart soil and gravel for road-making.

Like his father, Derek understood the African mind. He readily won the confidence, affection and respect of the men who worked under his supervision.

On the Sunday morning before the murders, Derek's nephew was baptised in the Adelaide Church. It was a very happy family occasion, all the members of the families gathering for the luncheon to which my wife and I were invited. Our last picture of

Derek is of him standing beside his father and mother as we took our farewell. He was happy and at peace.

Then on the Tuesday morning came the terrible news of his murder. It was a dreadful shock to us, but one can hardly begin to imagine the shock and agony it must have been to his parents. His brother Neil, who had to be the bearer of the news, could hardly speak when he saw them.

FINDING GOD IN SORROW

As soon as we could, my wife and I left for the Thompson home to bring them what comfort we could and during the days that followed we spent most of our time with

them. Two impressions are etched into our minds from this period. The first is, of course, the depth of the grief, which grew ever deeper as the shock wore off. But the other wonderful thing that I witnessed was true Christian faith seeking for God, not turning to thoughts of vengeance or self-pity, but finding God in the very depths of sorrow. From the lips of these stricken parents came the unforgettable words "Father, forgive them, for they know not what they do."

The funeral congregation was one of the largest ever known in Adelaide, for Derek's parents are highly respected and deeply loved by all in the

district. Most of worshippers took part in the service by standing outside and listening to the service as it was relayed by loud-speakers.

DANGER OF RESENTMENT AND HATRED

It can readily be imagined that very deep feelings had been stirred up in the community by the news: feelings of resentment and hatred, feelings of racialistic hostility. It will also be understood that this placed a terrifyingly heavy burden on the ministers who were to take the service, and with deep earnestness they prayed God to give them the Word that would lift everyone

• Cont. on page 4

Die Ekumeniese Beweging - Om die Eenheid?

A. C. Viljoen*)

Tot heel onlangs is dit vry algemeen aanvaar dat dit in die ekumeniese beweging gaan om die eenheid van die Kerk. Vandag nog is dit die oortuiging van baie binne en buite die beweging — vriend en vyand. „Ecumenicity”, so word gesê, „is the urge to merge”.

Met passie en hartstogtelike ywer is die Bybelse eis van die één Kerk van Christus gestel teenoor die verskeurdheid en versplintering wat, tereg, 'n god-ontereende skandaal genoem is. Van verskeie kante is hierdie hartstog om die eenheid gevoed:

Die drang vanuit verskillende hoekke

Van die kant van die Sending: die één taak van die Kerk in die wêreld. Nêrens dring die sinneeloesheid van 'n verskeurde Kerk sig so op as in die sending nie. Histories lê die wortels van die ekumeniese beweging van die twintigste eeu in die sendingbeweging van die negentiende eeu. Johannes 17 : 21 word hier die locus classicus.

Van die kant van die denominasionele gestalte van die Kerk is dit ook benader: — die verskyning van letterlik honderde „Denominasies” wat elk daarop aanspraak maak die Kerk te wees. I Korinthiërs 1 word hier die locus classicus.

In 'n nasionalistiese en rassistiese verskeurde wêreld het die verlangete na eenheid in die Kerk ook gegroei: „Laat die Volk van God tog een wees!” is die kreet. Locus classicus: Kolossense 3 : 10 en 11.

Van die verbeelding van die Kerk in mondiale verband het verdere aansporing gekom: Die schisma Oos-Wes moet uit die Kerk geweer word in al sy verskyningsvorme: Geestelike imperialisme, westerse paternalisme, „Sendende” en „wordende” Kerke, „Moederkerke” en „Dogterkerke”. Slagspreuk: „In Christ there is no East or West, in Him no South or North”.

Op ongelooflike wyse het die verlangete na eenheid die ganse Christelike Kerk in beweging gebring.

Kritiek op drang tot eenheid

Byna met eweveel hartstog egter, soms met verna wat na 'n Christelike sarkasme klink, is hierdie selfde eenheidsbeweging van die kant van andere aan die kaak gestel: 'n moderne toring van Babel! Weereens die hoerwaardige mens, wat in sy oormoed homself verhef en na die hemel gryp!

In die argelose oorskryding van die „deur God gestelde grense” sou die mens selfversekerd antispeer op die Koninkryk van God. Met byna vervelende monotonie is die ou teenstelling van eenheid en waarheid herhaal met as enigste gevolg 'n vrugtelose dooie-punt, waaruit nóg na die kant van die waarheid, nóg na die kant van die eenheid uitgebreek kon word. Eenheid en waarheid word soos die twee denkbeeldige punte van parallelle lyne die moontlikheid van 'n ontmoeting tot in oneindigheid ontse.

Soms word die hele beweging op simplistiese wyse afgeskryf as een van die simptome van die moderne tydsges. Die Wêreldraad van Kerke word eenvoudig in korrelasie gebring met die V.V.O. Dit sou die Kerklike arm of vrome gesig van die wêreldorganisasie wees, gebou op dieselfde grondslae van filantropiese humanisme, kosmopolitanisme en internasionisme.

Aan verbeeldingsvlugte kom haas geen einde: - In die ekumeniese beweging word die subtiel invloed uitgeruik van die internasionale kommunisme wat ons „Christelike-westerse beskawing” ten gronde sou rig.

En nie altyd neem die verhouding tot die ekumeniese beweging 'n aggressiewe vorm aan nie. Naas die aggressiewe afkeer in die „ekumeniese beheptheid” of in die „patologiese nostalgias na die Una Sancta” is daar nog die wysheid en die vroomheid van Gamaliel: Laat hulle staan. Kyk eers die

kat uit die boom uit. Stuur waarnemers of tree in korrespondensie. Die werk kan tog nog dalk uit God wees! Laat ons toeskouers wees vanuit die veiligheid van ons isolement. In die sekerheid en geborgenheid van ons tradisionele religieusiteit hoef ons tog immers oor hierdie „nuwe weg” geen beslissing mee te maak nie of kan ons ten minste dit op 'n later en veiliger stadium doen.

So — met die hartklop van verwagting en tegelyk onder heftige anathema's het die diskussie gevorder. Dit het selfs die droogte van indifferentisme deurstaan. Vir lank is aanvanklik gevis in die vlak waters van die eenheid. Talke studies oor die Una Sancta verskyn. Verklarings sien die lig. Konferensies vind plaas oor baie onderwerpe: „The Unity we seek”, „the calling of the church to Mission and Unity”, „the reunion of the church” ens. Groot skeemas vir hereniging word uitgewerk.

Maar na die een Kerk het dit nog heilmaal nie gelei nie. Intendeel het dit soms meer frustrasie gebring. Selfs waar verenigingspogings geslaagd was het dit soms bedenklike resultate gehad tot teleurstelling van die argitekter en tot vermaak van die kritici. Dit word soms gesê dat jy eers veel van jou entoesiasme vir die ekumene moet kwytraak om op 'n realistiese grondslag te kan bid en werk.

Eenheid en vernieuwing

Dit lyk of die resultaat na die vaak vrugtelose rondgespartel na die eenheid van die Kerk nie in die eenheid self gesoek moet word nie maar daarin dat dit na dieper waters gelei het. Stadig verdwyn die oorheersende saak van die eenheid in die ekumeniese beweging vanaf ons onmiddellike horison om plek te maak vir 'n wyer perspektief en 'n oop veld — vir dit wat dieper lê as die simptome van die siekte — vir die Kerk as sodanig en vir die vernieuwing van die Kerk.

Merkwaardig is dat dit plaasvind in die Protestantisme en Rooms-Katolisisme tegelyk. Onlangs het 'n Rooms-katolieke teoloog in Nederland verklaar dat daar tans 'n beweging om hervorming en vernieuwing in die Rooms Kato-

lieke Kerk ontwikkel wat selfs die reformatie van die sewentiende eeu in die skadu sal stel. In Wêreldraadkringe word soms met verontrustende heftigheid ontken dat dit vir hulle gaan om die eenheid per se.

Agter alles lê die groeiende oortuiging dat die eenheid alléén irrelevant word voor die meer primêre saak waarom dit gaan. Die vernieuwing van die ganse Kerk in haar ganse roeping in die ganse wêreld. Pas so kom die eenheid in die regte perspektief.

Die balans: Kerk en Koninkryk

Die Kerk kry weer sy regte korrelaat: nie 'n histories-tradisionele gestalte of arche-tipe nie maar: die Koninkryk van Jesus Christus. Die pelgrims het uitgetrek om die één Kerk alleen maar om te vind dat die weg daarheen is: die één Here van die Kerk. Met Hom alleen en sy volk staan ons gekonfronteerd. Voor Hom staan ons almal saam met geen aanspraak om op te roem nie, maar met skuld om te bely. By Hom deur die geloof en deur die aanskoue van die gebroke brood en die vergote wyn word ons in ons gebrokenheid vertroos. Deur Hom word ons tot radikale gehoorsaamheid geroep in die ganse wêreld. Die abrahamitiese tog in die ekumene is geen tog me maar een bestemming: één Kerk, n. maar 'n tog in gehoorsaamheid.

Dit gaan nie meer daarom om een heilige algemene Christelike Kerk te wees nie maar om een heilige algemene Christelike Kerk te wees. Dit is 'n geheel nuwe perspektief: daarin brand die christologie en die pneumatologie. Daarin staan die mens ontdaan van sy religieuse en kerklike hoogmoed, ontdek die mens sy bankrotskap en sy rykdom, word Jesus as die Here bely, aan wie alle mag in Hemel en op aarde gegee is.

Wie nou buite staan, raak uitgesluit. Wie op die tog nie wil voortgaan nie, raak permanent agter. Wie die gesprek minag, raak geheel uit die gesprek.

*) Mnr. A. C. Viljoen is tans lektor aan die Universiteit van Suid-Afrika in die Departement van teologie.

• Vervolg van bladsy 1

Kerkvernuwing

Kursusse, konsultasies, konferensies

Om 'n paar voorbeelde te noem: hier word 'n kursus aangebied vir vroue om hulle te help om die moeilike aanpassing van 'n landelike na 'n stedelike bestaan te maak. Terseldertyd poog ons om hulle in staat te stel om die kloof tussen hulle en hulle mans, wat meestal vanweë hulle langer en nouer aanraking met die westerse leefwyse sneller ontwikkel het, te oorbrug. Die nood van huisgesinne, wat aan haas ondraaglike spanninge onderwerp word, word sodoende verlig. In ander kursusse word boere opgelei; politieke en vakbondleiers gevorm; maatskaplike werkers vir arbeid in die myne en munisipaliteite opgelei; joernaliste in die vaardighede van hulle vak afgerig, ens. Kursusse van korter duur bring predikante vir opfrissing, musici en koorleiers vir oefening, egpare vir opleiding in huweliksvoortligting, ens.

Tussen die kursusse deur is daar 'n gedurige kom en gaan van mense uit alle oorde vir konsultasies en konferensies oor sake van die dag soos rasse-verhoudings, gemeenskapsontwikkeling, volwasse onderwys, voorsiening van lektuur deur die kerke, separatistiese kerkvorming, die roeping van die kerk in 'n snel-veranderende maatskappy, ens. 'n Groot aantrekkingskrag is 'n biblioteek vir navorsing wat

ter gedagtenis aan mnr. Dag Hammarskjöld opgerig word.

Aandeel van Ned. Geref. Kerk

Dit is verblydend dat lidmate en predikante van die N.G. Kerk gereed opdaag om aan die kursusse en konferensies deel te neem. Drie mans het die afgelope kursus in joernalistiek bygewoon, te wete 'n leraar van Morgenster, 'n onderwyser uit Bloemfontein en 'n teologiese student van Mkhoma. Drie N.G. predikante uit Suid-Afrika het die onlangse samespreking oor die separatistiese kerke bygewoon. En lees, die hoof van die N.G. Sending in Nyasaland is 'n lid van die Inrigting se Raad van Beheer.

Waarom Mindolo gekies

Twee vrae bly onbeantwoord: Waarom is Mindolo vir hierdie belangrike onderneming gekies? En waar kom die fondse vir die werk en die instandhouding van die inrigting vandaan?

Die eerste vraag behoeft geen lang antwoord nie. Die Mindolo Ecumenical Foundation bestaan maar sedert 1958. Dit is die geestelike afstammeling van die „United Missions to the Copper Belt” (U.M.C.B.), wat in 1945 op aandrang van 'n kommissie van ondersoek van die Internasionale Sendingraad onder leiding van J. Merle Davis gestig is.

Die U.M.C.B. het hulle gedurende die vyftien jaar van hulle bestaan ver-

al aan twee take gewy. Die eerste was die versterking en uitbouing van die sg. „Union Church”. Hierdie kerk was 'n spontane samekoms en vereniging van Christene op die Koperstreek, toe die geïnstitueerde kerke agt jaar lank versuim het om hulle lidmate na die kopermyne te volg.

Lidmate van die N.G. Kerke uit Nyasaland en Noord-oos-Rhodesië was ook aanvanklik by die Union Church betrokke, maar ongetukkig het ons kerk nooit kans gesien om aan die werksaamhede van die U.M.C.B. deel te neem. Die lidmaatskap van die Union Church was dus van korte duur! Dieselfde het die lidmate van die Anglikaanse kerk betref. Want hoewel die Anglikaanse kerk aan die ander werksaamhede van die U.M.C.B. meegedoen het, het hulle geen belang gehad by die uitbouing van 'n verenigde kerk, waaraan hulle tog nie van plan was om hulle lidmate af te staan nie!

Die ander werksaamhede van die U.M.C.B. was onderwys en maatskaplike werk. Dit in sigself was 'n omvangryke en veeleisende taak, want die U.M.C.B. was vir die grootste deel van sy bestaan verantwoordelik vir die bestuur van al die Bantoe-skole op die Koperstreek (geen afsonderlike kerk, die Roomse inkluits, is toegelaat om skole van sy eie te organiseer nie), en die behartiging van die maatskaplike werk in al die dorpe. Ongelukkig het die werk te veel geword, en in 1950 moes die U.M.C.B. weens gebrek aan werkkragte tou opgooi. Die arbeid is aan die regering, die plaaslike owerhede en die myne oorhandig.

Kerke oor die wêreld dra by

Waar kom die geld vandaan? Die sendende kerke uit Europa, Brittanje en Amerika het nie opgehou om hulle steun toe te aë, toe die U.M.C.B. opgehou het om te bestaan nie. Die steun het 'n geweldige stoot gekry deur die merkwaardige oplewing van interkerklike hulpverlening na die oorlog. Die bereidheid van die kerke om te gee waar hulp na hulle mening waarlik nodig is, is enorm. Die kerk in Duitsland het bv. onlangs £150,000 vir ons landbou-opleiding gestem; die Britse kerk sit £70,000 by en die Australiese kerk £30,000. Die Sweedse kerk het £35,000 vir die Dag Hammarskjöld-Biblioteek geskenk. Die Verenigde Kerk in Kanada ondersteun die vormingswerk onder vroue. Die opleiding van joernaliste is 'n onderneming van die Raad van die Kerke in die V.S.A. Die mynmaatskappye en trusts in Rhodesië gee kapitale skenkings vir die oprigting van geboue. Al die hydraes kom sonder voorskrifte en toutjies.

Die gevaar dat ons ons doelstelling uit die oog sal verloor is natuurlik altyd groot. Sou die Satan so 'n inrigting on-versoek laat? Daarom wil ek hierdie artikel afsluit met 'n dringende beroep op voorbidding, opdat ons getrou mag bly aan ons roeping, en die kerk van Christus mag bly dien in sy diens aan die wêreld.

*) Ds. Oglethorpe is 'n predikant van die Ned. Geref. Kerk en is vise-prinsipaal van die Instituut.